

Hoofstuk van die dag: Psalm 141

> *Hou my gedagtes weg van verkeerde dinge, dat ek nie in sonde verval saam met manne wat onreg doen nie, en dat ek nie deelneem aan hulle feeste nie. (vers 4)*

As ’n mens tussen die lyne lees, wil dit voorkom of die digter

probeer wegbreek van mense in wie se kring hy vroeër was. Hy het ondervind hoe verleidelik dit kan wees om deel te wees van ’n groep magtige, gewetenlose mense, en die vrugte daarvan te geniet.
Uiteindelik het hy egter besef dat hy as gelowige moet wegkom van dié mense af, al hunker hy soms steeds na daardie tyd. Paulus sou later oor hierdie selfde innerlike stryd skryf (Rom 7:21). Die versoeking om terug te keer dryf hom na God toe, en hy pleit dat God hom sal help teen homself (vers 3-4) en teen sy voormalige vriende wat nou teen hom gedraai het (vers 9).
’n Mens wat hom gelowig wend tot God in gebed en sy lewe volgens God se eise inrig, mag hoop en bid dat God regverdig sal wees en sy lewe sal spaar terwyl die boosdoener sal omkom (vers 10). Vir die digter is sy gebed soos wierook wat na God opstyg (vers 2; vgl Op 8:3-4). Visualiseer jy dit ook só?

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026